

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 12: Vayechi (ויחי – En Hy Het Geleef

En Jakob het sewentien jaar in Egipteland gelewe, sodat die dae van Jakob, die jare van sy lewe, honderd sewe en veertig jaar was. Gen. 47:28.

Torah : Gen. 47:28 tot 50:26

- ❖ **Inleiding:** Die einde is altyd 'n nuwe begin
- ❖ **Gen. 47:28** – En Jakob het geleef
- ❖ **Genesis 48:5 en 6** – Direkte Bloedverwante

Haftorah: 1 Kon. 2:1 tot 12 – Volg in my voetspore

B'rit Chadashah: Luk 1 :33; Luk. 4:31 tot 5:11; Hand. 7:9 tot 16; Hand. 15:17; Heb. 11:21 tot 22; Open. 5:5.

Inleiding: Die einde is altyd 'n nuwe begin

Hiermee kom ons dan aan die einde van *B'reisheet* (Genesis), die eerste van die vyf boeke van YHVH se Torah, naamlik van Vader-God se liefdevolle onderrig in geregtigheid. Volgens Hebreeuse denke is die einde egter altyd 'n nuwe begin!

In die vorige drie parashot (Torah-Skriflesings) het ons van Josef se lewe geleer. In hierdie twaalfde parashah (*Vayechi*) neem ons afskeid van Josef en ook van Jakob. Ons het gekom aan die einde van die geskiedenis van ons voorvaders. Met *Sh'mot* (Exodus) begin die proses van onderrig van die nageslag van Abraham, naamlik YHVH se volk. Die laaste vier boeke van die Torah is hoofsaaklik YHVH se liefdevolle onderrig in geregtigheid met voorbeelde van hoekom geloof (vertroue) in YHVH en gehoorsaamheid aan Torah noodsaaklik is, asook waarskuwings van die gevolge van ongelooft (wantroue) en ongehoorsaamheid.

In *B'reisheet*, wat in die *begin* beteken, het ons deur die lewe van Abraham, Isak en Jakob geleer hoekom 'n verhouding met YHVH as Skepper-God en Vader belangrik is, asook hoe so 'n verhouding moet wees. Ons voorvader Abraham is die ewige voorbeeld van 'n lewe van geloof (vertroue) in YHVH se genade en van gehoorsaamheid aan alles wat YHVH beveel het. Hierdie is die fondament waarop 'n verhouding met YHVH gebou moet word. Dit was so in die ou verbond en is steeds so in die hernieude verbond soos wat dit deur Yeshua Messias bevestig is. Hierdie ewige patroon (gietvorm) word deur die volgende teksverse opgesom en bevestig:

Avram het in יהוה vertrou en Hy het hom dit tot onpartydige opregtheid gereken. Gen. 15:6 – PWL Vertaling.

Ek sal die eed nakom wat Ek teenoor jou vader, Avraham, gesweer het en Ek sal jou nageslag vermeerder soos die sterre van die hemel en aan jou nageslag al hierdie lande gee en in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees omdat Avraham My stem gehoorsaam het en My opdragte, My bevele, My verordeninge en My wette nagekom het. Gen. 26:3 tot 5 – PWL Vertaling

In Genesis sien ons ook die vestiging van 'n ander baie belangrike patroon wat in die Skrifte herhaal word, naamlik: Die gevolg van ongehoorsaamheid aan Torah is dat YHVH se volk nie meer in die land mag woon wat YHVH gekies het nie. Nadat Adam en Eva gesondig het, het YHVH hulle weggestuur uit die tuin van Eden – uit Sy land (Gen. 3:23). Hierdie is 'n profetiese skadubeeld van wat met die twaalf stamme van Israel sou gebeur.

In Genesis leer ons dat die einde word altyd deur die begin bekend gemaak (Jes. 46:9 en 10). Indien ons dus wil weet wat in die einde van dae gaan gebeur, moet ons leer wat YHVH aan die begin gedoen het. Dit is een van die baie belangrike redes hoekom on Torah bestudeer!

Ons kan *B'reisheet* ondermeer soos volg opsom:

- ❖ **Gen. 1 tot Gen. 11 – Die behoefte vir redding:** 'n Verduideliking hoekom YHVH deur Yeshua 'n Koninkryk, soortgelyk as wat in die hemel is, op die aarde wou en moet vestig. Dit lê die basis (fondament) vir die res van die Skrifte. YHVH moet 'n aardse Koninkryk bestaande uit 'n verlosde (vrygespreekte) volk vestig om namens Hom te regeer. Omrede die mensdom teen YHVH rebelleer en nie homself kan red nie het God voorsiening gemaak vir 'n genadeplan van vergifnis en versoening. Genesis 1 tot 11 lewer bewys dat die ganse mensdom sedert die begin teen God gerebelleer het. Ander gelowe aanvaar dat die mens slegs deur goeie dade en godsdienstige rituele 'hemel' toe kan gaan. Die Skrifte leer die teenoorgestelde, naamlik dat die mens 'n middelaar nodig het – iemand wat die mens se skuld las kan oorneem sodat hy onskuldig verklaar kan word. Dit leer ook dat in opvolging van die genade van versoening moet gehoorsaamheid aan al YHVH se onderrig en instruksies nougeset nagevolg word.
- ❖ **Gen. 12 tot 50 – YHVH kies Abraham as die begin van Sy volk:** YHVH begin aan die plan om 'n aardse Koninkryk te bou deur Abraham te kies uit wie se lendene Israel sal ontstaan. Abraham was die eerste Hebreër (Israeliet) en uit sy nageslag, en dus uit die van Isak en Jakob, ontstaan daar 'n volk wat vrygespreek en met YHVH deur Yeshua versoen sal word. Genetika is nie die bepalende faktor vir wie hierdie volk is nie, maar wel geloof (vertroue) en gehoorsaamheid.

Alvorens ons met die lees en bespreking van Exodus begin, moet ons herinner word dat die oorhoofse doel van YHVH se Woord, van Genesis tot Openbaring, die bou van 'n Koninkryk is waar die inwoners (onderdane, burgers) 'n Torah-gehoorsame koninklike priesterdom is, wat deel het in die vreugde en die seëninge van daardie Koninkryk sodat YHVH daardeur verheerlik sal word. Daarom het Yeshua ons geleer om te bid: *Laat U koninkryk kom, laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde* (Matt. 6:10).

Die boek van Exodus is die begin van Vader-God se onderrig hoe om 'n replika van Sy Hemelse Koninkryk hier op aarde te vestig en hoe om 'n konklike priesterdom en gehoorsame kinders te wees in wie YHVH 'n welbehag sal hê.

Ons het die opdrag om met toewyding te arbeid tot die einde wanneer Yeshua weer sal kom en dit die begin sal wees van die Messias Ryk (Die Millennium) waar Hy sal heers oor die huis van Jakob, die hele Israel, tot in ewigheid!!

Die boodskapper sê vir haar: "Moenie bang wees nie, Miryam, want jy het onverdiende guns by God gevind, want let op, jy sal swanger word en geboorte gee aan 'n Seun en die Naam wat jy Hom moet gee is Yeshua. Hy sal magtig wees en die Seun van Ha'Elyon (die Allerhoogste) genoem word en יהוה -God sal aan Hom die troon van Sy vader Dawid gee en Hy sal heers oor die huis van Ya'akov tot in ewigheid en aan Sy Koninkryk sal daar geen einde wees nie." Luk. 1:30 tot 33 – PWL Vertaling.¹

YHVH is 'n waarmaker van Sy Woord, daarom het die Apostel Jakobus gesê:

Broers, luister na my! Shim'on het vertel presies hoe God in die begin besluit het om mense uit die ander nasies vir Sy Karakter en Outoriteit aan te neem en dit stem ooreen met die boodskap wat die profete geskryf het: Daarna sal Ek terugkom en die gevalle tent van Dawid weer herbou en wat daarvan vernietig is, sal Ek weer herbou en herstel sodat die oorblyfsel van die mense יהוה kan soek, uit al die nasies oor wie My Outoriteit en Karakter uitgeroep is, sê יהוה, wat al hierdie dinge gemaak het. Hand. 15:13 tot 17 – PWL Vertaling.

Yeshua sal kom om as die Leeu van Juda vir ewig te regeer (Open. 5:5) en om die parskuip te trap (Open. 19:15)!

In Genesis het ons geleer van YHVH as Skepper-God, maar Exodus is die begin waar ons YHVH gaan leer ken as ons Verbondsgod!

Gen. 47:28 – En Jakob het Geleef

En Jakob het sewentien jaar in Egipteland gelewe, sodat die dae van Jakob, die jare van sy lewe, honderd sewe en veertig jaar was. Gen. 47:28.

Die laaste 17 jaar van Jakob se lewe het hy in Egipte deurgebring. Daar kon hy in vrede saam met sy kinders en kleinkinders lewe en was hulle as familie versoen gewees. Daarom begin parashah 12 met die woorde: *En hy het geleef....* Die woord *Vayechi* bevat die grondwoord *chaya* en die letterlike betekenis daarvan is *om te lewe*, maar dit beteken ook *om voorspoedig te lewe, aangevuur te word en om vernuwe te word tot 'n lewe van gesondheid.*

Die getal 17 is ook die numeriese waarde (gamatria) vir die Hebreeuse woord *tov* (טוב) wat *goed* of *goeie* beteken, soos byvoorbeeld om mekaar 'n goeie week toe te wens met *Shavua tov!*

Een van die belangrike lesse wat ons uit die lewe van Josef geleer het, is sy *dit-sal-ook-ten-goede-meewerk-vertroue* in die Vader (Rom. 8:28). 'n Soortgelyke les leer ons uit Jakob se lewe. Slegs die laaste 17 jaar (in Egipte) van Jakob se lewensjare was goeie jare. Die ander 130 jaar het Jakob self beskryf as *die dae van die jare van my vreemdelingskap.... Min in getal en vol teëspoed....* (Gen. 47:9)

Van hierdie 130 jaar het Jakob sy vader Isak vir 20 jaar nie gesien nie en vir 20 jaar gedink dat sy geliefde Josef dood is. Hy het ook vir die grootste gedeelte van sy lewe in die skadu van Essau geleef en op die grondgebied wat aan sy agterbakse oom Laban behoort het.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

Soms neem dit 'n leeftyd voor sekere van ons probleme opgelos word, of ons gebede verhoor word, of ons die begeertes van ons hart ontvang en selfs voordat ons die rol vervul waarvoor Vader ons geroep het. In Rom. 1:17 lees ons dat die regverdige sal uit die geloof (vertroue) lewe. Dit is die getuienis van Jakob en Josef se lewens! In Heb. 11:13, 39 en 40 praat dit van die mense van die ou verbond wat die getuienis van die belofte ontvang het, sonder om dit te verkry het. Die lewensles is om vas te hou aan die Vader se beloftes al word dit nie in ons leeftyd 'n werklikheid nie!

Soos Jakob kan ons ook uitroep: *Op U verlossing wag ek, YHVH* (Gen. 49:18). Die Hebreus vir *verlossing* is *Yeshua*. Jakob het gewag op Yeshua Messias, die Ware Verlosser. So moet ons met vertroue wagtend bly op die verlossing van ons kinders, die verlossing uit ons probleme, die beantwoording van ons gebede en op die wederkoms van Messias – ons 'finale' verlossing van hierdie wêreld. Het ons die vertroue en geduld om wagtend te bly?

Om op YHVH te wag is nie 'n passiewe handeling nie, maar dit is om te wag (te hunker met ywer) deur voorbereidings te tref op die aankoms en manifestasie van dit waarvoor ons wag.

Die pad van die nederige is gelyk; die pad van die onpartydig opregte is reguit en gelyk. ⁸ Inderdaad, in die pad van U oordele, o יהוה, het ons U gretiglik verwag; U Naam (Karakter en Outoriteit), U gedagtenis, is die begeerte van ons lewe. Jes. 26:7 en 8 – PWL Vertaling.

Wag op YHVH! Wees sterk en laat jou hart sterk wees! Ja, wag op YHVH! Ps. 27:14

Ek vertrou in יהוה; my lewe wag vir Sy Boodschap. Ek het gewag op יהוה vanaf die oggendwag tot die aandwag toe. Laat Yisra'el met versekerde verwagting wag op יהוה; vanaf יהוה kom goedheid en oorvloedige bevryding. Ps. 130:5 tot 7 – PWL Vertaling

Jakob het ook vasgehou aan YHVH se belofte aan Abraham van die Beloofde Land, Kanaän. Hy het geweet dat sy nageslag die Beloofde Land in besit moet neem. Daarom Jakob se versoek aan Josef soos opgeteken is in Gen. 47:29 tot 31 om hom nie in Egipte te begrawe nie, maar wel in die Beloofde Land. Josef het ook hierdie belofte geglo en daarom sy versoek aan Farao om Jakob in Kanaän te gaan begrawe (Gen. 50:24 tot 26).

Net voor Jakob sterf trek hy sy bene terug op die bed (Gen. 49:33). Wat is die betekenis hiervan? Aanvanklik toe Jakob gehoor het van Josef se sogenaamde dood het hy gesê dat hy treurend na die doderyk (*she'ol* – dorland waar geen siel rus nie) sal neerdaal (Gen. 37:35). Later in Gen. 49:30 gebruik Jakob egter die woord *kever* – die graf en rusplek van die siel na sterwe, daar waar Abraham, Isak en Rebekka begrawe is. Deur sy voete terug te trek het Jakob simbolies uit Egipte, wat met *She'ol* vergelyk kan word, getrek – ook simbolies wat met sy nageslag sal gebeur. Dit is ook 'n afbeelding van wat elkeen van ons moet doen. 'Egipte' voorsien miskien wel in al ons behoeftes, maar die Vader wil hê ons moet uit 'Egipte' kom en gaan na die beloofde land wat Hy vir ons beplan het.

Bespreek of Bepeins

1. Het ons die vertroue (geloof) van Jakob en Josef in tye wanneer dit nie gaan volgens ons beplanning (begeerte) nie? Josef het gedurende sy jeug onregverdige behandeling verduur. YHVH het dit toegelaat, want Josef moes voorberei word vir sy roeping. Jakob het slegs vir die laaste 17 jaar van sy lewe ware voorspoed en shalom (vrede) ervaar. Sien ons teenspoed as 'n geleentheid om onself te leer ken, onself te verootmoedig en as voorbereiding vir ons roeping of blameer ons altyd vir Satan? Ons elkeen moet by 'n *ground-zero* in ons lewe kom, want dit is waar YHVH deur Sy genade in Yeshua begin om dit van ons te verander en voor te berei volgens Sy plan.
2. Deel van die lewe is om voorbereiding te maak vir die dood. Voorbereiding vir die dood is om voorbereiding vir die lewe na die dood te maak. Jakob het met volle vertroue die dood tegemoet gegaan, want hy het 'n verhouding met YHVH gehad!

3. Het die Vader nie ook vir ons ‘n ‘belofde land’ nie? Is ons nie geneig om vas te hou aan ‘Egipte’ nie, want dit bied ons gerief en sekuriteit? Vergeet ons nie soms wat Vader se uiteindelijke wil vir ons is nie? Selfs op sy sterfbed het Jakob nie YHVH se uiteindelijke doel vergeet nie!

Genesis 48:5 en 6 – Direkte Bloedverwante

Nou, jou twee seuns, Efrayim en M'nasheh, wat vir jou in Egipte gebore is voordat ek in Egipte na jou toe gekom het, is myne; soos Re'uven en Shim'on sal hulle myne wees, maar jou nakomelinge wat jy ná hulle verwek het, sal joune wees. Hulle sal na die naam van hulle broers genoem word in dié se erfdeel. Gen. 48:5 en 6 – PWL Vertaling

Efraim en Manasse is nie deur Jakob aangeneem nie! Nee, die gedagte hier is asof hierdie twee seuns van Josef direk uit Jakob en Lea gebore is – direkte bloedverwante, asof hy die vader is. Die betekenis hiervan is dat ons as gelowige nie-Jode (vreemdelinge) deel van Israel word asof ons direkte afstammeling van Abraham, Isak en Jakob is. Ons is nie meer vreemdelinge nie, die muur van skeiding is weggeeneem (Ef. 2:11 tot 22). Efraim en Manasse het die identiteit van hulle broers aangenaam. So ook neem ons die identiteit van Israel aan!

Die Nageslag van Abraham

[Verkorte weergawe van die artikel *Die Nageslag van Abraham* wat afgelaai kan word deur op die volgende skakel te klik: <http://nuwelielied.info/wp-content/uploads/2012/05/GB3.09NageslagAbraham.pdf>]

Is jy die nageslag van Abraham? Is dit wat jy glo en hoe jy jouself sien? Indien jy “ja” hierop antwoord, beteken dit jy beskou jouself as deel van Israel. Sou jy “nee” hierop antwoord, dan kan jy nie die nageslag van Abraham wees nie! Ons leef in ‘n tyd waar elkeen hierdie saak vir homself sal moet uitmaak en moet verstaan wat die antwoord en die implikasie daarvan beteken.

Paulus skryf in Gal. 3:7 en 29 die volgende:

Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.

En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

Op grond van ons geloof (vertroue) in Yeshua Messias as ons versoening met YHVH is ons dus kinders van Abraham, naamlik sy nageslag en dus ook sy erfgenaam. Abraham is die vader van almal wat in Yeshua as die Messias glo (Rom.4:14 tot 16). Hy is ook die aardsvader van die onbesnedene (Rom. 4:11). Ons is die kinders van Abraham uitsluitlik op grond van die genade van YHVH deur geloof in Yeshua. Hierdie belofte staan vas vir die hele nageslag, naamlik vir Jood en nie-Jood (Rom. 4:16). Elkeen wat uit die geloof is, word saam met Abraham geseën (Gal. 3:9). Om die nageslag (kinders) van Abraham te wees is dus nie op grond van verdienste nie; ook nie deur die wet (die Torah) te onderhou of op enige ander wyse nie. Dit is alleenlik deur geloof!

Abraham is deur geloof (vertroue) in YHVH geregverdig verklaar (Gen. 15:6; Rom. 4:9) en dit is alleenlik deur geloof wat ons geregverdig verklaar word. Geloof is dus die gemeenskaplike faktor van ons familie verbintenis met Abraham.

Abraham is die begin (die aardse vader) van YHVH se volk wat Hy as Sy eiendom geneem het (Ex. 19:5 en 6; 1 Pet.2:9). *Daarom is daar ook gebore uit een vader, en dit ‘n verstorwene, kinders soos sterre van die hemel in menigte en soos die sand aan die strand van die see, wat ontelbaar is* (Heb. 11:12). Elke gelowige in Yeshua word deel van YHVH se volk, naamlik Israel, wat met Abraham as vader begin het. Daar is nie meer ‘n onderskeid tussen Jood of Griek nie of tussen slaaf of vryman nie of tussen man en vrou nie, want ons is almal een in Yeshua Messias (Gal. 3:28). Ons is almal die

kinders van Abraham wat deur geloof in Yeshua Messias die kinders van YHVH, ons Hemelse Vader, geword het.

Abraham is die vader van geloof en gehoorsaamheid. Dit is sy voorbeeld wat ons moet volg. Ons kan onself nie hiervan losmaak nie, want dan distansieër ons onself van die basis van ons geloof en onterf ons onself en is ons nie deel van Israel nie. Nee, soos Jakob die twee seuns van Josef, Efraim en Manasse, as sy eie kinders beskou het, so is ons die nageslag van Abraham en deel van Israel!

Graag verduidelik ek dit soos volg: Ons het 'n dogter wat op ses maande ouderdom deel van ons gesin deur pleegsorg en later deur wettige aanneming geword het. Volgens hofbevel is haar oorspronklike geboorte sertifikaat vernietig en 'n nuwe een met haar nuwe naam en van was uitgereik. Hiervolgens is dit asof sy ons eie vlees en bloed is. Sy is in alle opsigte soos ons eie kinders tot die mate dat mense selfs sê sy lyk soos ons. As kind moes sy, soos ons eie twee seuns, in alle opsigte gehoorsaam wees aan ons onderrig en instruksies (ons "wette"). Al drie was kinders in ons huis en dieselfde huisreëls het vir al drie gegeld. Ons aangenome dogter kon nie sê dat sy nie in alles gehoorsaam hoef te wees nie omrede sy nie ons vlees en bloed is nie. Nee, ons is haar wettige ouers en sy is ons wettige kind en daar is geen onderskeid tussen haar en die kinders van ons eie vlees en bloed nie. Sou sy 'n siening en houding neem dat sy nie gehoorsaam hoef te wees op grond van bloedlyn, dan sou sy haarself nie as deel van ons gesin beskou nie. Sy sou nie al die seënninge van gehoorsaamheid kon ervaar nie, want ons sou haar moes tuggtig en straf.

Deur geloof in Yeshua as Messias word ons "oorspronklike geboorte sertifikaat" nietig verklaar en word 'n nuwe een deur die hemelse hof uitgereik. Hiervolgens is ons die nageslag van Abraham en het ons deel gekry aan YHVH se volk en aan die belofte van die beloofde land, Israel. Ons is deel van YHVH se 'huishouding' en dieselfde onderrig en instruksies geld vir beide die biologiese kinders en die 'aangenome' kinders!!

Deur geloof in Yeshua en gehoorsaamheid aan Torah ontvang ons burgerskap van Israel.

*Daarom, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in daardie tyd sonder die Messias was, vervreemd van die burgerskap van Yisraël en vreemdelinge met betrekking tot die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder Elohiem in die wêreld. Maar nou in die Messias Yahshua het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van die Messias. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een maak en die middelmuur van skeiding afgebreek het. Ef. 2:11 tot 14 –
Woord en Getuienis.*

Ons moet altyd onthou dat ons Vader het 'n plan van herstel en versoening. Hierdie plan begin by Israel en sal by Israel eindig. Ons as gelowiges in Yeshua Messias is slegs deel van die plan op grond van God die Vader se genade. Hy maak ons deel hiervan soos bevestig word dat ons deur geloof in Yeshua as Messias die nageslag van Abraham is.

In die land Israel, en deur Israel (albei huise, naamlik Juda en Efraim) sal YHVH Sy ewigheidsplan voltooi, want dit is hier waar Yeshua Messias weer sal verskyn as die Koning van alle konings.

Die Magtige God van die gode, יהוה, het gepraat en die aarde geroep, van die opkoms van die son af, totdat hy ondergaan. Vanuit Tziyon, die volmaaktheid van skoonheid, het God geskyn. Ons God sal kom en sal nie stilbly nie. Vuur sal voor Hom uit verteer en die vuur sal hewig rondom Hom brand. Hy sal roep na die hemel daarbo en na die aarde, om Sy volk te oordeel: Kom by Hom bymekaar, getroues, hulle wat 'n verbond met Hom gesluit het deur 'n offer en die hemele sal Sy Onpartydigheid en Opregtheid verkondig, want God self is die Regter! "Luister, My volk en Ek sal met julle praat; Yisra'el, Ek sal teenoor jou getuig: Ek is God, jou God! Ps. 50:1 tot 7 – PWL Vertaling.

Bepeins of Bespreek

1. Baie wat glo dat alle gelowiges in Yeshua die kinders van Abraham is, glo egter dat die Shabbat, die feestye van YHVH, die voedselvoorskrifte, ensovoorts, net vir die Jode bedoel is. Hierdie siening word selfs vanaf kansels verkondig! Die vraag ontstaan dan: Watter Jode? Is dit net die wat Yeshua as Messias verwerp het wat byvoorbeeld die Shabbat, feestye en voedselvoorskrifte steeds moet hou? Wat van die Jood wat Yeshua as Messias aanneem? Moet hy afstand doen van die wet (die Torah) en hom as vry daarvan beskou soos die algemene siening van die Kerk is? Indien laasgenoemde waar is, beteken dit dat 'n Jood inderwaarheid sy verbintenis met Israel en die voorvaders van Israel moet verbreek om deel van die Kerk te word. Maak dit hoegenaamd sin?
2. Is jou lewe 'n getuienis van die nageslag van Abraham en gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies? Is jou redding deur geloof die motivering vir gehoorsaamheid aan Vader se onderrig en instruksies, Sy Torah? Voel jy werklik deel van Israel, veral in hierdie krisisuur wat hulle beleef? Ondersoek jou hart en maak die saak met jouself uit. Jy is of die nageslag van Abraham of nie! Jy is of deel van Israel of nie! Jy is of ingeplant op die mak olyfboom of nie! Jy kan nie iets anders wees nie.
3. Om deel van Israel te wees kom teen 'n prys, maar om nie deel van Israel te wees nie kom met ernstige nagevolge!! Die prys wat elkeen sal moet betaal wat Yeshua as Messias bely, en wat Torah-gehoorsaam leef, is vervolging soortgelyk as wat Israel verduur het en steeds verduur. Maar om nie deel van die nageslag van Abraham, en dus nie deel van Israel te wees nie beteken om nie deel van YHVH se volk te wees nie.

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

1 Kon. 2:1 tot 12 – Volg in my voetspore

In beide die Torah- en Haftorah Skriflesing lees ons van die afskeidswoorde van twee van Israel se bekende leiersfigure. Jakob het sy twaalf seuns geseën en Dawid gee aan sy seun Salomo, wat hom as koning sou opvolg, die laaste onderrig en instruksies. Aan Salomo het Dawid ondermeer die volgende gesê:

Onderhou die opdragte van יהוה, jou God, om te loop op Sy paaie, deur Sy wette, Sy opdragte, Sy instellings en Sy getuienisse te gehoorsaam, volgens wat geskryf is in die wet van Moshe sodat jy suksesvol kan wees in alles wat jy doen en waarheen jy ook al draai sodat יהוה Sy beloftes kan uitvoer wat Hy aangaande my gesê het, naamlik: 'As jou seuns versigtig is op hulle pad deur voor My in waarheid te loop met hulle hele gees en met hulle hele verstand, wil en emosie, sal daar nie vir jou 'n man op die troon van Yisra'el ontbreek nie. 1 Kon. 2:3 en – PWL Vertaling.

Jakob en Dawid het geloop in die voetspore van Abraham, naamlik die voetspore van Torah-gehoorsaamheid. Hierdie is ook die voetspore van Yeshua – dit is YHVH se eie voetspore!! Die voetspore van YHVH drup van vettigheid (Ps. 65:12). Om YHVH se opdragte te onderhou (*sh'mar*) is om te loop op Sy paaie, deur Sy wette, Sy opdragte, Sy instellings en Sy getuienisse te gehoorsaam, volgens wat geskryf is in die wet van Moshe sodat elkeen suksesvol kan wees in alles wat hy doen.

Luister na Dawid se woorde!

Aangaande die dade van die mens; ék het deur die boodskap van U lippe die paaie van die geweldenaar vermy. U het my treë vasgehou in U spore, dat my voete nie gegly het nie. Ps. 12:4 en 5.

Hy lei my in die spore van geregtigheid, om Sy Naam ontwil. Ps. 23:3.

In 1 Kon. 2:5 tot 9 lees ons egter ook verder van Dawid se laaste woorde aan Salomo toe hy hom herinner het aan dit wat Joab, die seun van Seruja, gedoen het deur twee leërowerstes van Israel teen die wil van Dawid te vermoor (1 Kon. 2:5). Verder het Dawid vir Salomo ook daaraan herinner dat

Simeï, die seun van Gera vir hom gevloek het met 'n hewige vloek die dag toe Dawid na Mahanaïm gegaan het (1 Kon. 2:8). Beide Joab en Simeï het Dawid in die skande gestee en in die openbaar oneer aangedoen. Dawid sê aan Salomo dat hy met wysheid moet optree en beide moet straf.

Maar Dawid sê aan Salomo om egter guns aan die seuns van Barsillai, die Gileadiet te bewys en dat hulle moet wees onder dié wat aan Salomo se tafel eet, want hulle het Dawid bygestaan toe hy vir Absalom gevlug het.

Hoekom het Dawid dan nie self teen Joab en Simeï opgetree nie? Hoekom laat hy dit aan Salomo oor om hulle te straf. Die waarskynlike antwoord is dat Dawid se wil vir Salomo is om in sy vader se Torah-gehoorsame voetspore te stap, maar ook om voort te gaan en te voltooi wat Dawid self nie afgehandel het nie. Salomo moet die onreg wat aan die koning en koninkryk van Israel gedoen is straf, maar guns bewys aan die wat die koning en koninkryk liefhet soos die seuns van Barsillai. Dawid wou dit by Salomo tuisbring dat hy 'n voortsetting ('n verlenging) van sy vader moet wees. Salomo moet nie net in die voetspore van Dawid stap nie, maar Salomo moet sy eie voetspore agter laat wat identies aan die van Dawid moet wees! Salomo moet die voetspoor van sy vader Dawid word!!

Bepeins of Bespreek

1. Dawid is 'n sinnebeeld van Yeshua. Wil Yeshua hê dat ons in sy voetspore van Torah-gehoorsamheid moet stap en ons eie voetspore laat wat identies aan die van Yeshua is? Is dit wat bedoel word met Paulus se woorde dat ons gelykvormig aan Yeshau moet word (Rom. 8:29). Is ons die lippe, hande en voete van Yeshua?
2. Kan ons met vrymoedigheid vir ons kinders sê om in ons voetspore te volg en om dit wat ons begin het te voltooi? Is ons voetspore die van Torah-gehoorsamheid?

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Aan die einde van die eerste boek van die Torah getuig ons saam met die hele Israel en saam met almal wat YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies, die Torah, weekliks bestudeer:

Chazak! Chazak! Ve'nitchazek!

Wees sterk, wees sterk en word versterk!

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat shalom.
Johan

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.